

## 15.4 RAPPORT 4: DIAKONALE SAKE – NOODLYDENDES EN NOODTOESTANDE (Artt 147, 148)

- A. Ds MJ Erasmus lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

### C. RAPPORT

#### 1. Opdrag: (Acta 2003:147, 2.2.2.1)

- 1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.
- 1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en -toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).
- 1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggeme en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.
- 1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.
- 1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.
- 1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.
- 1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.
- 1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.
- 1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.
- 1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.10 kennis geneem.**

#### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Gedurende hierdie termyn het die Deputate die fonds jaarliks op 'n vasgestelde bedrag van R200 000 gehou. Sodra die Deputate bewus geword het van nood, is briewe aan diakonieë gerig om die spesifieke nood onder hul aandag te bring.
- 2.2 Sake wat aandag geniet het en waarvoor toekennings gemaak is of inligting deurgegee is: (met hierdie toekennings is die Sinodeopdragte nougeset nagekom)
  - 2.2.1 Nood met veldbrande in Noordkaap
  - 2.2.2 Nood met droogte in Noordwes
  - 2.2.3 Nood met droogte in Noordkaap
  - 2.2.4 Nood met haelstorm by Kwaggafontein
- 2.3 Hoewel ons die saak van hulpverlening aan diakonieë vir noodlening gereeld in die kerkverband bekend gemaak word, ontvang ons weinig aansoeke om hulp uit die noodfonds terwyl die vermoede bestaan dat daar tog nood bestaan. Die Deputate word genoodsaak om in terme van die Sinode-opdrag self navraag te doen na nood wat mag bestaan.

2.4 Dit is duidelik dat

2.4.1 Sommige voorsitters van diakonieë posstukke nie ontvang nie.

2.4.2 Diakonieë gee min aandag aan skrywes wat ontvang word.

2.4.3 Die vinnige wisseling van diakens bring ook mee dat kontinuïteit 'n probleem skep.

2.4.4 Gebrek aan kennis in die afhandeling van sake.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.4 kennis geneem.**

### **3. Sake waaroor die Sinode besluit**

#### Aanbeveling

Die te benoeme Deputate die opdragte (pt 1) kontinueer.

**Besluit: Goedgekeur.**

## **D. AANVULLENDE RAPPORT**

### **1. Noodtoestande**

1.1 Na die Rapport ingedien is het die Deputate bewus geword van die nood van boere in die Harrismith distrik wat groot verliese gely het weens veldbrande. 'n Bedrag is vinnig aan die diakonie van GK Harrismith beskikbaar gestel wat gebruik is om die nood in die distrik op verskeie maniere te verlig. Briewe is ook in die kerkverband uitgestuur om die nood bekend te maak.

1.2 Aan die begin van 2014 is die nood van lidmate van die lidmate van die Sudanese Reformed Churches in Suid-Soedan deur die Deputate Ekumenisiteit onder die aandag van die Bestuur van SDDS gebring. Briewe is in die kerkverband uitgestuur om die nood bekend te maak. Fondse uit die kerkverband, surplus fondse wat nie vir droogtehulp gebruik is nie sowel as 'n skenking van die Christ's Children Foundation van Amerika is met die tussenkoms van ds HPM van Rhyn aan die kerk in Suid-Soedan beskikbaar gestel.

**Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.**